DIE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERLINGE:
Dit is vervolgens nodig om leerlinge se regte en gepaardgaande verantwoordelikhede met hulle te bespreek.

DIT IS MY REG:
1 Om met begrip, hoflikheid en respek behandel te word.

VERANTWOORDELIKHEDE:
Om ander mense hoflik te behandel en hulle posisie in die skool te respekteer.

DIT BETEKEN DAT
- Ek nie sal teëpraat nie.
- Nie tussenin praat nie.
- Sal opstaan vir volwassenes.
- Te alle tye netjies, vriendelik en hulpvaardig moet wees, sal groet en die korrekte aanspreekvorm sal gebruik.
- Onsself sal onderwerp aan klaskamerdissipline.
- Regverdige opdragte uit sal voer.
- Gehoorsaam sal wees en die leerlingraad sal respekteer.
- Gesag van meerdere sal aanvaar.
- 'n Dogter/Dame eerste sal laat stap.
- Beleefd sal kommunikeer.

DIT IS MY REG:
1 Om maksimum voordeel uit klasse en buitemuurs te verkry.

DIT IS MY VERANTWOORDELIKHEID:
Om met onderwysers en klasmaats saam te werk sodat lesse ongehinderd kan voortgaan. Om stiptelik te wees, om skoolwerk getrou te doen, om deel te neem aan klasaktiwiteite en klas projekte.

DIT BETEKEN DAT EK:
- Nie tussenin praat om aanbiedings te ontwrig nie.
- Goeie gedrag te alle tye in gange, klasse, rye en in saal sal handhaaf.
- My tuiswerk sal voltooi.
- Betyds sal wees vir skool, klasse en buitemuurs.
- Alle boeke en skryfmateriaal beskikbaar sal hê.
- Korrekte kleredrag sal gebruik.
- Alle klasse sal bywoon.
- Alle leermateriaal op sal pas.
- Besittings sal merk.
- Wanneer afwesig, die agterstallige werk self sal inhaal.

DIT IS MY REG:
1 Om geleer te word om selfbeheersing toe te pas.

DIT IS MY VERANTWOORDELIKHEID:
Om beheers op te tree en om teregwysings te aanvaar.

DIT BETEKEN:
- Om netjies te werk.
- Gehoorsaam te wees te alle tye.
- Sober taalgebruik te handhaaf.
- Stiptelik te wees.
- Nie in klas te eet nie.
- Geen kougom te kou nie.
- Gehoorsaam te wees te alle tye ook aan die leerlingraad.
- Om nie gevloek te word nie en om nie ander te vloek nie.
- Stiptelik vir buitemuurs en skool te wees.
- Geen werk en tuiswerk onvoltooid te laat nie.
- Niemand aan te rand nie.
- Om nie aangerand te word nie.
- Om nie seksueel geteister te word nie.
- Geen seksuele misdrywe te pleeg nie.
- Om nie afgeknou te word nie.
- Om nie kleintjies af te knou nie.
- Om nie klip te gooi nie.
- Om nie te baklei nie.

- Om netheid van skool en kleedkamers, sportvelde, skoolgronde en op die persoon toe te pas.
- Om niemand te intimideer nie.
- Om geen wapens (messe, klippe, stokke) te dra nie.
- Om korrek waardering uit te spreek (klap, fluit).
- Oorringetjies :
- Om slegs, 'n bypassende paar, een oorringetjie ("stud") per oor te dra; - slegs klein ringetjies (1 cm deursnee) of 'n klein goue knopie ("studs")
- Oorringetjies mag slegs deur dogters gedra word.
- Horlosies (Let Wel: GEEN SLIMHORLOSIES) en "Medic Alert" skyfies mag as 'n algemene reël, gedra word.
- Juwele mag gekonfiskeer word tot aan die einde van 'n kwartaal.
- Geen juwele mag by enige sportdrag gedra word nie;
- Hare seuns :
- Seuns se hare moet kort wees, met geen steps, gel of kleursel nie;
- Kuiwe mag nie wenkbroue raak nie;
- Kante, mag nie ore raak nie, bo-op kop netjies en kort.
- Geen geskeerde paadjies of "comb-over" kuiwe nie.
- Hare dogters :
- Dogters se hare mag nie aan haar kraag raak nie;
- Geen kleursel (tydelik of permanent) of ligstrepe nie – selfs nie met ouers se toestemming nie;
- Geen gel mag gebruik word nie;
- Geen permanente golwings nie;
- Slegs effe navy, maroen en wit rekke, linte, bande in die hare;
- Kort "bob-hare" moet uit die gesig gehou word met 'n knippie/haarband/"alice-band";
- Alle hare wat lank genoeg is, moet vasgemaak word;
- Geen hare mag 'n leerder se sig belemmer nie;
- Slegs 2 bokstertjies.
- Geen grimering hoegenaamd nie.
- Naels – geen naellak nie;
- Naels mag nie van die binnekant van die handpalm gesien word nie.
- Wenkbroue/ooghare – mag nie gekleur word nie!!

EK HET 'N REG:

1 Om in veilige omstandighede skool te gaan.

DIT IS MY VERANTWOORDELIKHEID:
Om die skool veilig te maak deur nie ander persone te dreig, te beseer of aan te rand nie. Deur die veiligheidsmaatreëls te eerbiedig.

DIT BETEKEN:

- Geen fietsryery op skoolterrein nie.
- Geen klipgooiery nie.
- Geen messe nie.
- Geen ketties nie.
- Geen wapens nie.
- Geen "pea-shooters" nie.
- Geen lemmetjies nie.
- Geen skerp voorwerpe nie.
- Om nie aangerand te word nie.
- Nie iemand anders aan te rand nie.
- Geen bakleiery nie.
- Geen drank, dwelms of pornografie op skoolterrein nie.
- Geen intimidasie nie.
- Geen ongemagtigde persone mag kinders besoek tydens skoolure nie.
- Aanvaar verantwoordelikheid vir jou dade.

EK HET 'N REG:

1 Om te verwag dat my besittings veilig sal wees.

DIT IS MY VERANTWOORDELIKHEID:
Om nie ander persone se besittings te steel of te beskadig nie en om sulke handelinge te rapporteer.

DIT BETEKEN:

- Om nie skoolwerk / modules met jou oë te steel nie.
- Om waardevolle besittings op te pas.
- Om ander se besittings met respek te bejeën.
- Om toe te sien dat alle besittings duidelik gemerk is.

- Om nie waardevolle besittings skool toe te bring nie.
- Om nie te groot bedrae geld by skool te hê nie

DIT IS MY REG:
6. Om skool te gaan in ‘n aangename, netjiese en versorgde skoolomgewing en klaskamer en om behoorlik sportfasiliteite beskikbaar te hê, binne die skool se vermoë

DIT IS MY VERANTWOORDELIKHEID:
Om om te gee vir die skoolgebou, toebehore, meubels en klaskamers. Om te help met skoonmaakaksies en om defekte te rapporteer. Om alles met sorg te hanteer.

DIT BETEKEN:
- Geen rommel word gestrooi nie.
- Skryf nie op deure / mure en banke nie.
- Nie ruite stukkend gooi nie.
- Om higiëniese toilette te gebruik.
- Laat toilette higiënies en netjies na gebruik.
- Geen vandalisme nie.
- Boeke moet netjies oorgetrek wees.
- Skooldrag is ons trots en behoort slegs deur leerlinge van die skool tydens skoolaangeleenthede gedra te word.

DIT IS MY REG:
7. Om eie menings op die regte tyd en wyse uit te spreek. Om na geluister te word.

DIT IS MY VERANTWOORDELIKHEID
Om op ‘n aanvaarbare wyse menings uit te spreek. Om op ‘n hoflike wyse na ander mense se menings te luister.
DIT BETEKEN:
- Nie teëpraat nie.
- Nie tussenin praat nie.
- Nie in rede val nie.
- Spreek jou mening uit op ‘n beskaafde manier.
- Wag jou beurt af om jou mening uit te spreek.

DIT IS MY REG:
8. Om toegang te hê tot onderwyser se tyd, hulp en aandag tydens skoolaktiwiteite.

DIT IS MY VERANTWOORDELIKHEID:
Om aandag te skenk wanneer ander met my praat. Om begrip te hê vir ander mense se probleme en om saam te werk.

DIT BETEKEN:
- Om jou beurt af te wag.
- Om die eerste keer te luister.
- Om nie te verwag dat opdragte herhaal moet word nie.

EK HET DIE REG:
9. Om op grond van kultuur, ras, geloof, taal, geslag of vermoë te funksioneer met inagneming van die skool se etos.

EK HET DIE VERANTWOORDELIKHEID:
Om soos ‘n verantwoordelike burger van Suid-Afrika op te tree.

DIT BETEKEN:
Geen molestering.
- Om nie gemolesteer te word nie.
- Geen pornografie.
- Om nie pornografie te versprei nie.
- Om geen aanstoot te gee deur beoefening van kultuur en of geloof nie.
- Nie rook nie.
- Geen satanisme nie.
- Geen drankgebruik nie.
- Geen dwelms nie.
- Om nie vraestelle en toetse te steel nie.
- Om nie seksueel geteister te word nie.
- Om geen seksuele misdrywe te pleeg nie.

- Om geen openbare onsedelikheid / teistering te beoefen nie.
- Om nie moord te pleeg nie.
- Om geen protesoptogte te beoefen nie.
- Om geen onderwysers aan te rand nie.
- Om niemand te intimideer nie.
- Om nie parmantig te wees nie.
- Om nie toe te gee vir omkopery nie.
- Om omkopery aan die kaak te stel.
- Om te alle tye eerlikheid te handhaaf in toetse en eksamens.